

26 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 15:1-7
Fokusgedeelte: Lukas 15:7

Bekering bring blydschap

'n Aktuele vraag is: Raak die werk van die kerk van die Here nog die harte van mense aan? Is daar nog warmte en liefde tussen gelowiges te bespeur? Natúúrlík word daar baie deur kerke gedoen, maar trek die manier waarop ons dinge doen die mens nog aan? Dit is 'n uiters belangrike vraag, want juis deur HOE die evangelie verkondig word, en HOE die kerk sy dinge doen, kan die mens na die warmte en liefde van Jesus se evangelie gelok of afgestoot word! Die Fariseërs het dit in Lukas 15 teen Christus se manier van doen. En wat doen Hy? Hy gaan met die Woord van God na die "verlore skape van Israel", na die sondaars en tollenaars. Hy gaan soek hulle wat verlore is! Daarom vertel Christus die bekende gelykenis van die verlore skaap. Die Herder, Jesus Christus, het gekom om te soek wat verlore is. En as die verlore gevind is, is daar blydschap in die hemel. Dit gaan dus hier om bekering. Die woordjie beteken in die oorspronklike taal: blywende bekering of 'n radikale omkeer van dade. Bekering word bereik deur doodeenvoudig die evangelie van verlossing aan verlore nes te verkondig. Elkeen van ons wat glo in Jesus Christus is 'n geroepene om te gaan verkondig. Ons moet oop oë hê vir dié wat die Here nog nie ken nie. Evangelisasie en sending is vandag hoog op die agenda. In liefde, vol bewoënheid en met warm harte wat klop met ywer vir die saak van die Here, moet ons die wêreld ingaan en verkondig dat Jesus die Here is. Vir Christus was geen moeite, opoffering of lyding te veel gevra nie. Uit liefde het Hy ons wat verlore sou wees kom red. Gaan dan vandag heen en gaan doen ook so!

Sing: Psalm 48:5

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)